# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/13)*

*Justin Chadwick (12 April 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Being powerful is like being a lady. If you have to tell people you are, you aren't." Margaret Thatcher***

## CRI PRODUKSIE WERKSWINKELS

Die CRI Werkswinkels het die mees populêre manier van tegnologie oordrag binne die suider-Afrika se sitrusbedryf geword. 670 afgevaardigdes het die vyf CRI Na-oes Tegniese Werkswinkels vroeër hierdie jaar bygewoon. Die volgende ronde van werkswinkels sal teen die einde van Mei en begin van Junie plaasvind en sal verskeie produksie praktyke soos besproeïng, bemesting, snoei en kultivars dek. Vind hieronder die datums van die verskeie werkswinkels per streek. Die agenda sal binnekort volg.

| Datum | Werkswinkel | Plek |
|---|---|---|
| Dinsdag 28 – Woensdag 29 Mei | Limpopo | Letsitele |
| Donderdag 30 – Vrydag 31 Mei | Mpumalanga | Nelspruit |
| Dinsdag 4 – Woensdag 5 Jun | KZN & Swaziland | Durban |
| Thursday 6 - Friday 7 Jun | Oos-Kaap | Sondagsriviervallei |
| Dinsdag 11 – Woensdag 12 Jun | Wes-Kaap | Citrusdal |

## TNPA TARIEF AANPASSINGS 2013/14 [Mitchell Brooke]

Die hawe-reguleerder het afgelei dat daar 'n 0% verhoging vir die 2013/14 jaar gaan wees op hawe tariewe wat deur Transnet Nasionale hawe-owerheid (TNPA) gehef word. Die Reguleerder het egter bepaal dat die TNPA die vragfooi-tarief vir uitvoerhouers met 43.2% moet verminder. Alhoewel daar gedurende die 2012/13 tarief jaar 'n R1bn kortingskwessie op uitvoerhouers was, wat 'n afname van R1 820.00 per 12m houer tot gevolg gehad het met 'n totale heffing van R646.06 per houer. Dit was 'n tydelike vorm van verligting wat slegs vir die 2012/13 periode toegestaan is, met die nuwe 2013/14 tarief bepaling wat permanent is. Die 2013/14 vragfooi-tarief vir 12m uitvoerhouers is van R2 466.06 tot R1 400.72 (-43.2%) per houer verminder met 'n besparing van R70.04 per "high cube" palet en R0.67c per 15kg ekwivalente karton. In oorlegpleging met die hawe-reguleerder in die strewe na 'n meer redelike verteenwoordigende uitvoerhouer vragfooi-tarief, sien ons nou die vrugte van sukses van hierdie beraadslagings (indien die konsultasies en voorleggings inderdaad 'n weerspieëling is van wat in hierdie nuwe tariefbepaling gereflekteer word). Hierdie bepaling moet een of ander vorm van finansiële verligting bring in 'n jaar waarin inflasiedruk baie hoog is.

## HEFFING SOOS DEUR CGA GEADMINISTREER

Produsente word daaraan herinner dat die heffing wat deur CGA geadministreer word 47 sent plus BTW per 15 Kg karton vir 2013 is. As jy enige verdere vrae het, kontak asseblief die Finansiële en Besigheidsadministrasie Bestuurder Robert Miller by robertm@cga.co.za

## BELANGRIKE INLIGTING VIR PRODUSENTE, PAKHUISE EN UITVOERAGENTE

Die laaste twee Snykante bevat belangrike inligting vir alle belanghebbendes van suider-Afrika se sitrusbedryf. Die eerste (Snykant 155) dek pakhuis inspeksies vir valskodlingmot; terwyl Snykant 156 'n opdatering van Verbruikersversekering is – met inligting oor SIZA, "Confronting Climate change project", die "IDC Green fund" en Indonesië. Beide Snykante is op www.cga.co.za beskikbaar.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die eerste 1.5 miljoen kartonne is gepak (pomelo's 100 000, sagte sitrus 600 000 en suurlemoene 800 000). Dit is dieselfde as hierdie tyd in 2011 (1.8 m) en 2012 (1.3 m). Van hierdie vrugte wat gepak is, is 300 000 kartonne van sagte sitrus verskeep en 500 000 kartonne suurlemoene – maar dit is nog vroeg in die seisoen.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**